SOUTH-AFRICAN-PUBLIC-LIBRARY
9 AUG 1949

GENIET
'N YSKOUE
IRON
BREW
. . . . dis HEERLIK!

TWEEWEEKLIKSE
STELLENBOSSE
STUDENTEKOERANT

# DIE MATIE

PRYS 2D.

(Uitgegee onder beskerming van die V.S.R.)

Deel III „DIE MATIE," VRYDAG, 5 AUGUSTUS 1949 No. 9

W.C. du Toit
Skoenmaker
FOTOGRAFIESE
AFDELING
van Ryneveldstraat 10,
Stellenbosch
*
Ons spesialiseer in
ONTWIKKELING, AFDRUKKE en VERGROTINGS

# A.S.B.-KONGRES OP STELLENBOSCH

## *Voorstel Oor Apartheid — Ekonomiese Onafhanklikheid En Immigrasie — Meningsverskil Oor Erkenning Van Nusas*

**Vanaf die 27ste tot 29ste Julie het die A.S.B.-Kongres op Stellenbosch plaasgevind. Mnr. N. A. K. van der Merwe het as voorsitter opgetree. Die hooftema van die kongres was Apartheid en wel die politieke-, sosiologiese-, biologiese-, teologiese-, ekonomiese-, opvoedkundige- en woonruimte-aspekte van Apartheid. Referate oor hierdie aspekte is deur verteenwoordigers van A.S.B.-takke van die volgende inrigtings gelewer: U.P.-Buitemuurs, U.P.-Binnemuurs, P.U.K., Stellenbosch, U.K.O.V.S., prof. Van Eeden (Stellenbosch) en dr. A. van Schalkwyk (Stellenbosch) namens dr. Eloff wat nie teenwoordig kon wees nie. Aan die einde van die Kongres is 'n voorstel ingedien wat as beleidsverklaring insake Apartheid moes dien.**

### DIE REFERATE

Die referate het sonder twyfel hul bes gedoen om sover moontlik 'n omvattende en duidelike uiteensetting van hulle saak te gee soos deur hulle ingesien. Hier en daar is nuwe gesigspunte genoem veral as moontlike gevolge van 'n *besliste apartheidsbeleid.* Tog het dit dikwels geblyk dat referate nie enduit wil gaan met die beginsel nie.

### INDIËRS NIE UNIE-BURGERS NIE

By die bespreking van die Politieke aspek is onder meer beweer dat Indiërs — al is hulle in die Unie gebore — nie as Unie-burgers beskou kan word nie. Nee, hulle suig net die voordele wat ons land bied uit en beteken verder niks, aldus die referent oor die Politieke aspek. Hy het verder gegaan: **„Hulle moet hulle gedra op hul plek, want dit behoort vir elkeen duidelik te wees dat die Indiërs geen bydrae kan lewer tot ons samelewing nie. . . . Oor hierdie punt behoort daar algehele eensgesindheid te bestaan. . . . ."** Hier was gelukkig 'n skerp meningsverskil op etiese- sowel as op regsgebied. Die referent se repliek? „Dit is my oortuiging dat . . . ." Sy opsomming van Apartheid is as volg: **„In kort kom Apartheid hierop neer dat daar 'n besliste en duidelike skeiding gehandhaaf moet word tussen blank en nie-blank, insluitende die Naturelle en Asiate."**

### APARTHEID — EN DAN?

Dit was baie duidelik dat een vraag dwarsdeur die kongres die meerderheid van die afgevaardigdes besig gehou het: Watter houding gaan die blanke inneem die dag as apartheid verwesenlik is. Gaan ons die naturel en nie-blanke wat dan ons beskawingspeil bereik het erken as gelykwaardige wat sy status aanbetref of moet ons dan nog voogdyskap handhaaf? In die lig van sekere antwoorde op vrae het dit aan die lig gekom.

Dit het hoe langer hoe meer duidelik geword dat die blanke die naturel in sy aparte staat as 'n gelyke sal moet beskou. **Die referent oor „Die Bybel en Apartheid" het geantwoord dat hy hulle sou wou sien as 'n staat soos Egipte.**

### DIE BYBEL EN APARTHEID

Bewering i.s. Engelssprekendes geskraap.

„Die Afrikaner is 'n Calvinis" so het mnr. Van der Walt van P.U.K. (tans voorsitter van A.S.B.) sy referaat begin. Die volgende aanhalings werp lig op hierdie onderwerp „Die Bybel en Apartheid" so deur mnr. Van der Walt gestel:

„Van die inwoners van Suid-Afrika staan die naturel die verste van die Afrikaner af."

„Na sy geboorte is in die Afrikanervolk Engelse en ander bloed opgeneem, dog dit het nie sy eiesoortigheid, sy identiteit verander nie."

„Teenoor vermenging met gekleurde rasse was die Afrikaner (in teenstelling met die Engelse) altyd afkeurig." [Die bewering wat tussen hakies staan is op aandrang van mnre. Munnik (U.K.) en De Kock (Stellenbosch) geskraap.] Nogtans het dit die referent se eerlike mening gebly en as rede gedien vir 'n ander uitlating, nl. dat Engelssprekendes en Afrikaanssprekendes nie sal ondertrou nie! Ook hierdie bewering moes hy terugtrek.

'n Baie duidelike verklaring aan die einde van hierdie referaat is ook deur mnr. Van der Walt gedoen:

**„Elke volk het 'n eie taak en identiteit, ook die naturel. Wanneer hulle dus ontwikkel het tot die staat dat hulle mondig is, moet ons die wysheid en geloofskrag hê om hulle dit te gun — apart en selfregerend,"** en verder:

**„. . . is ons bereid om die offers te bring wat hierdie beleid van ons vra, nl. goedkoop arbeid en grondgebied. Die keuse is òf goedkoop arbeid en grond òf identiteit."**

Hierdie verklarings is beslis van die belangrikste en ook eerlikste wat 'n mens seker oor hierdie saak kan kry.

[*Sien ons Hoofartikel.*]

### EKONOMIESE ASPEK: IMMIGRASIE

Mnr. Eben Greyling het hierdie aspek behandel.

Mnre. Eben Greyling, M. Berg en B. van As van Stellenbosch was vir die opstelling van dié referaat verantwoordelik. Dit was seker een van die beste referate wat gelewer is oor 'n punt wat as praktiese oorweging sig sterk laat geld by enige bespreking van apartheid. Hulle het veral tot die volgende gevolgtrekkings gekom:

Ekonomiese apartheid en onafhanklikheid is die uiteindelike ideaal. Dit moet stelselmatig geskied en immigrasie moet geleidelik die naturelle-arbeid vervang.

### DIE OPVOEDKUNDIGE ASPEK

Prof. Van Eeden het 'n baie interessante referaat gelewer. Die naturel moet sy opvoeding ontvang in die rigting waarin hy aangelê is. Dit is misdadig om hulle te wil verwesters. Die huidige toestande aan ons inrigtings moet as oorgangstadium beskou word. Voorlopig moet die opgevoede naturel aan die universiteite maar bly — hoewel dit ongewensd is — totdat aparte fasiliteite gevind kan word.

### N.U.S.A.S.

Hier was daar dadelik moeilikheid. Sommige afgevaardigdes wou dat erkenning aan NUSAS gegee word aan A.S.B.-geaffilieerde universiteite indien dieselfde erkenning aan A.S.B. aan NUSAS-geaffilieerde inrigtings gegee word. Die kongres het verdaag en die Hoofbestuur het hul koppe gekrap want daar was 'n duidelike verdeling. Hulle moes 'n kompromie vind. En hulle kry ook toe een.

Namiddag word die saak bespreek. 'n Voorstel word gemaak dat dit in komitee sal geskied. Mnr. De Kock maak 'n teenvoorstel. Ons het niks om voor te vrees nie en daar is mense wat spesiaal van veraf gekom het om die bespreking aan te hoor. **Nee.** Die mense moet gaan danksy die Demokratiese Noordelike stem!

Die voorstel sal nou aan alle studenterade voorgelê word.

## Naturelle En Nie-Blankes Aan Gemengde Universiteite

'n Voorstel gebasseer op prof. Van Eeden se antwoord dat ons voorlopig die naturelle wat tans opvoeding aan ons hoër opvoedingsinrigtings ontvang, word ingedien. Dit het as volg gelui:

„Dat die status quo met betrekking tot die naturelle en nie-blanke studente se akademiese status aan gemengde universiteite gehandhaaf word vir die huidige oorgangstadium totdat aparte fasiliteite beskikbaar sal wees." Voorsteller: Mnr. P. D. de Kock en gesekondeer deur mnr. Lapa Munnik.

'n Teenvoorstel vanuit die „Noorde" is egter aangeneem: Aparte fasiliteite moet onmiddellik ingestel word aan die betrokke universiteite, d.w.s. aparte lesings.

## Primarii verlang Ondersoek

**Die Primarii van die verskillende manskoshuise het 'n versoek tot die Finansiële Komitee van die Universiteit gerig waarin hulle 'n deeglike ondersoek i.v.m. die bediende-kwessie wat betref die koshuise verlang.**

**Die Finansiële Komitee het gisteraand vergader waar hulle hierdie saak bespreek het, maar daar is nog geen verslag bekend gemaak nie. Hierdie verslag word met groot belangstelling afgewag aangesien hierdie kwessie sodanig verswak het dat dit 'n deeglike ondersoek regverdig.**

## Programme of Erna Sack Concert

PROGRAMME NO. 1

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Largo (Xerxes) | G. F. Händel. |
| 2. | Caro mio ben | Giuseppe Giordani |
| 3. | Aria of Linda (Linda of Shamounix) | Donizetti |
| 4. | Nacht und Träume (Night and Dreams) | Schubert |
| 5. | Wohin (Whither) | Schubert |
| 6. | Wiegenlied (Cradle Song) | Schubert |
| 7. | Ave Maria | Schubert |
| 8. | Arie of Rosina (Barber of Seville) | Rossini |

INTERMISSION

| | | |
|---|---|---|
| 9. | In einem kuehlen Grunde | Gluck |
| 10. | Berceuse from Jocelyn | Godard |
| 11. | Swedish folksong | |
| 12. | Tales from the Vienna Woods | Johann Strauss |

PROGRAMME NO. 2

| | | |
|---|---|---|
| 1. | O del mio dolce ardor | Gluck |
| 2. | Ich liebe Dich | Beethoven |
| 3. | Aria: Bell Song from "Lakme" | Delibes |
| 4. | Aufträge (Messages) | Schumann |
| 5. | Die Lotosblume (The Lotusflower) | Schumann |
| 6. | Der Nussbaum (The Nut Tree) | Schumann |
| 7. | Mondnacht (By Moonlight) | Schumann |
| 8. | Carnival de Venice | Benedict |

INTERMISSION

| | | |
|---|---|---|
| 9. | In einem kuehlen Grunde | Gluck |
| 10. | Angel's Serenade | Braga |
| 11. | La Villanelle (The Swallow) | Dell-Acqua |
| 12. | An der Blauen Donau (The Blue Danube) | Johann Strauss |

STAP IN BY
DIE UITSPAN . . .
. . . Want Dis Elke Student Se Uitspanplek
DIE UITSPAN KOFFIEHUIS
Dis U Huis Kom Maak U Tuis

# ERNA SACK

**The concert of Erna Sack on the 9th of August in Stellenbosch is an event which the public of Stellenbosch are anxiously looking forward to. Born in Europe, Erna Weber-Sack comes from a family of modest means, with her brothers she was raised in the customary way. As a little girl of nine years she had already made her voice heard, and sang in her church choir until she was sixteen.**

Erna's parents were not rich. When Erna finished High School it was necessary for her to help earn money for her family, so she took up typing and shorthand and became a stenographer.

But singing was in her blood. The young Erna Weber had a childhood dream of becoming a great singer some day, and even now, when she was pounding the keys of her typewriter, she was secretly saving a little money out of each monthly salary to pay for singing lessons. She did not speak to her family about this dream of hers — for she was afraid they would not understand. "After all" — she could hear them telling her — "a good little daughter does not prepare herself for the stage; a good little daughter marries."

But her chance came sooner than she had hoped. She sang in a group recital which her teacher arranged for all his pupils. Mr. Hermann Sack, now her husband, heard her; and he was so convinced of her possibilities that he became her benefactor and arranged for additional lessons under a prominent teacher.

While in Vienna she listened and studied the leading artists of all countries. The conviction to have what it takes grew more and more and she would not rest until she had made a name for herself. The teacher pronounced Erna a Mezzo-Soprano and coached her accordingly. No one, not even Erna herself, realized that she had a range as high as the C above high C. Her next teacher trained her as a lyric soprano. Still no one thought of Coloratura for Erna.

Very soon Erna was engaged by Dr. Bruno Walter and she became a small part singer at the Berlin opera. From there she went on tour to the city of Bielefeld where she was engaged as a coloratura singer. It was during a rehearsal of "Don Pasquale" while Erna was singing a cadenza, that she found herself suddenly able to group and up until she sang the C above high C. It was a rare phenomenon and surprised herself as much as those about her. It was, as they would say in Hollywood ,sensational! For the opening of "Don Pasquale" she sang for the first time in public her new, improvised cadenzas to an amazed audience who wildly applauded her thrilling performance so that it seemed they would never stop.

The next engagement brought Erna to Wiesbaden as a star. While there she was asked to sing the matinee in the Berlin Wintergarten, a programme which was broadcast at that time over all the German networks. It was the first time Erna was heard over the radio. The success was phenomenal. From all over the world she received offers to sing for concerts, recordings, film and opera. A world star was born. The 19th century thrilled to the voice of Jenny Lind, the 20th century has its Erna Sack!

At the State Opera of Dresden, Erna sang as the leading Coloratura soprano, Richard Strauss compared her to a fearless mountain climber, who persists to the highest peaks without being overcome with dizziness, when he said: "Erna Sack ist ja schwindelfrei!" (free from dizziness) meaning that she is unshakeable in her security in her top notes. Strauss himself changed some of his compositions in the higher ranges in order to permit Erna to sing her high birdlike tones. When Erna Sack was in London making recordings for Brunswick, and giving concerts she sang for King George V.

In 1937 Erna Sack made her first trip to America, filling many engagements in the fields of radio, concert and opera. She sang many times for the radio program of General Motors conducted by the late Erno Rapèe, often appearing in duets with Richard Tauber and the late Joseph Schmidt. In November of that year she went on a concert tour through Canada ending in Seattle, Washington, and as part of her tour sang in the operas of St. Louis and Chicago under the management of Charles Wagner. An interesting incident occurred when she sang at Carnegie Hall in rehearsal for the first time. When she hit the C above high C, the musicians were so amazed, they all laid down their instruments and stood up with applause and bravos for her sensational singing.

In January 1938 Erna Sack left America to return to Europe to fulfil her contract with the Dresden State Opera and other engagements to which she had committed herself. She left with contracts for the Fall 1938 in her pocket, because she wanted to return to America. But because of political developments her return at that time was impossible. She then devoted herself to making records, greatly enlarging her already substantial record repertoire. She gave performances all through Europe, and particularly in Sweden and Switzerland, and

*(continued in next column)*

## ROLPRENT-VERENIGING

28 Julie 1949 — „Birth of a Nation" (V.S.A. 1915). Hierdie is een ou rolprent waarvoor die Rolprentvereniging nie verskoning hoef te vra in die lig van geskiedkundige belangrikheid nie. Afgesien van revolusionêre tegniese middels — soos montage en „cross-cutting" — wat deur Griffith vir die eerste keer aangewend is, is dit die geïnspireerde uitdrukking van 'n sterk reaksie teen oorlog oor die algemeen, die onmiddellike aanleiding waartoe waarskynlik die eerste Wêreldoorlog te soek is. As persoonlike uitdrukking van 'n persoonlike ondervinding sal dit altyd meer waarde hê dan as geskiedkundige dokument. Alhoewel dit die onmiddellike tema — die Amerikaanse Burgeroorlog — in sy geskiedkundige besonderhede getrou weergee, is dit as onderwerp eintlik enige oorlog, of oorlog oor die algemeen. Die slagtonele interpreteer hierdie idee op 'n indrukwekkende en tegnies doeltreffende manier wat veral opvallend word as 'n mens dit met ooreenkomstige temas in „Gone with the Wind" vergelyk. 'n Meer omvattende en ryper opvatting gee die ouer prent universele betekenis, terwyl laasgenoemde se minder subtiele effek meer op sy „glorious Technicolour" en sensasiewekkende skouspel berus.

Hierdie was een van die interessantste en mees stimulerende programme wat vir 'n lang tyd deur die Rolprentvereniging aangebied is.

## Greylock Dinee

Op Vrydagaand 29 Julie het Greylock hulle jaarlikse huisdinee gehou. Die konvenor was mej. Monica du Toit en mej. Bettie Uys was verantwoordelik vir die blommerangskikkings. Die eetsaal was versier in die vorm van 'n tuin met Griekse pilare as agtergrond. Die kleurskema was rooi, wit en silwer.

Eregaste teenwoordig by die dinee was ds. en mev. Stofberg, mnr. Pieter de Kock en mej. Jeanette Briers. Mej. du Toit, die Primaria, het die welkomswoord gerig, terwyl mnr. Derrick Conradie die heildronk op die eregaste ingestel het, en mnr. Pieter de Kock die heildronk op die dames.

Daar het 'n baie gesellige atmosfeer geheers, en na die dinee is sommige na die Handelsdans in die stadsaal, terwyl andere fliek toe was.

*(cont. from preceding column)*

sang for countless servicemen's camps and hospitals. As the American troops occupied Bavaria ,Erna was the first German singer who gave a series of concerts for the American troops in the festival Hall in Garmisch. She also sang at American headquarters at Frankfurt and for General Tresquot at his residence at Lake Tegern.

In the Fall of 1946 she and her husband left for Switzerland where she fulfilled her first recording engagement for Decca-London. All in all 3 new Decca-London records will be on the market, on one of which she will be heard in duets with Max Lichtegg, the other two feature her in solos from: "Carnival in Venice", Strauss' Waltz "Vienna Life" and "Tales from the Vienna Woods" and Josef Strauss' "Village Swallows from Austria".

# DRAMAFEES EN A.S.B. KONGRES

**Die U.S. Dramaklub neem toe mos ook deel aan die Dramafees tydens die A.S.B.-kongres. Dit was sommer baie agtermekaar — veral nadat dit verby was, want alles wat eintlik moontlik kon skeef loop, het skeef geloop . . . . maar wat, dit maak nie altyd soveel saak as wat 'n mens sou dink nie!**

Gerhard Beukes se eenbedrywe was aan die orde van die dag. P.U.K. het Woensdagaand „Die Braaiboud" opgevoer. Vrydag aand was dit weereens „Die Braaiboud" deur U.P. Buitemuurs en twee ernstiger stukke „Oktobernag" en „Die Vrees" deur U.P. Binnemuurs en Stellenbosch.

Mnr. Mohr wat met die onbenydenswaardige taak van beoordeling belas was, het 'n baie goeie, deeglike en insiggewende kritiek van die opvoerings gegee. — Dit was opbouend, nie afbrekend nie. Baie dankie, mnr. Mohr. — U het 'n mens sommer lus en moed gegee om u voorstel van 'n Drama-Intervarsity aan te pak. U.P. het die beker geskenk wat mej. Du Toit aan die wennende span oorhandig het — en die wennende span was, Stellenbosch. Mej. Douwlina Grobbelaar, die regisseuse verdien alle eer vir die afrigting.

Baie dankie ook aan al die spelers en almal wat gehelp het om die dramafees moontlik te maak. Ons het die moeite en opofferings waardeur.

Ten slotte wil ons net daarop wys dat die Dramaklub uit 80 persent nie-professionele lede bestaan en alle belangstellendes is welkom. Die redakteur wou die berig oor die ontstaan wat in verlede kwartaal se „Matie" verskyn het net duideliker stel en die fout het op daardie manier ingesluip.

## Sosioloë Hou Dinee

Die Vereniging vir Sosiologie en Maatskaplike Werk het verlede Vrydagaand die inwyding van die nuwe gebou vir Sosiale Wetenskappe gevier, deur die hou van 'n gesellige dinee in die Huishoudkundesaal. 'n Heel aangename stemming het geheers toe mnr. Tas Delport die welkomswoord aan die eregaste mnr. en mev. Bob Loubser L.V., die personeellede, oudstudente en studente van die departement, gerig het. Daar is heerlik weggelê aan die goedvoorbereide geregte, en die hoogtepunt is bereik toe mnr. Bob Loubser die heildronk ingestel het. Hy het o.a. 'n spesiale woord van welkom aan dr. Pauw as nuwe hoof van die departement gerig. Gewag is gemaak van die feit dat die dienste wat tot dusver deur die departement gelewer is, altyd van die hoogste gehalte was, en hy voel oortuig dat die nuwe aanstelling sal bydra tot die handhawing van hierdie standaard.

Van agter 'n goedversorgde kentooisel het dr. Pauw op luimige wyse geantwoord op die heildronk en mnr. Loubser bedank vir sy woorde van welkom. Onder andere het hy melding gemaak van die feit dat dit die eerste keer is dat die departement op so 'n gesellige wyse byeengekom het, en die hoop uitgespreek dat dit in die toekoms 'n jaarlikse instelling sal word.

Toe die feesstemming op sy hoogste was (want dit was 'n „hoge" fees) moes die seremoniemeester die dineegangers daaraan herinner dat daar nog ander sosiale en maatskaplike pligte op hulle wag.

Die reëlingskomitee wil ook langs hierdie weg die Universiteitsvroueverenigin, wat dit moontlik gemaak het om die funksie te hou, hartlik bedank vir die smaaklike geregte wat hulle vir ons opgedis het.

## Monica Huisdans

Monica se huisdans is Vrydagaand 29 Julie gehou. Die Conservesaal het homself amper nie in sy blommetooisel herken nie, en wat die musiek en atmosfeer betref was daar niks te wense nie.

Limpie Basson voor die klavier en Pieter van der Westhuizen het jolige musiek verskaf, waarvan die Monicaners en hul metgeselle wel deeglik gebruik gemaak het.

As eregaste was dr. en mev. Kritzinger teenwoordig. Dr. Kritzinger het 'n kort en kragtige toespraak gelewer waarna die dansery weer hervat is. Ook Roleen ('n oud-Monicaner) en haar eggenoot mnr. Jan Nortje is onder die gaste opgemerk.

As 'n afwyking van die gewone prosedure is 'n buffet-ete bedien in sagte kerslig. Dit is voorwaar 'n dom Matie wat die aand honger gaan slaap het.

Onder die kranige leiding van mej. Igna Esmeyer, met die hulp van die danskomitee, mejj. Kay van der Vyver, Erla Rode en Ina van Aarde, het alles vlot verloop, en kan ons almal terugdink aan 'n besonder aangename aand.


**COLIN LOCKLEY**
**EN KIE.**
PLEINSTRAAT
STELLENBOSCH

**Spesialiteite in**
**VERGROTINGS,**
**KLEUR- EN ALLE**
**BUITEFOTOGRAFIE**



KLERE
van 'n hoë gehalte
teen billike pryse

J. Theron Smit
KLEREMAKER

Pleinstraat
STELLENBOSCH

Besoek die
**GOOD HOPE KAFEE**
(Onder Nuwe Bestuur)
Probeer ons Spesiale Geregte van Roomys sowel as Maaltye

**As Dit van Leer Is, Is dit by**
Lubbe

**PAS ONTVANG — WORLD FAMOUS PIANO PIECES. Prys 7/-**
**R. MÜLLER'S** MUSIEKHANDEL Pleinstraat, STELLENBOSCH.




# DIE MATIE

## REDAKSIE

*REDAKTEUR:* Mnr. Jan le Roux (Helderberg).
*ALGEMENE SEKRETARIS:* Mnr. C. F. Kruger (Huis Visser).
*TESOURIER:* Mnr. P. Fouché (Helderberg).
*ADVERTENSIEBESTUURDERS:* Mnre. Attie Theron (P.S.O.) en Jan Viljoen (Huis Visser).
*SIRKULASIEBESTUURDER:* Mnr. A. Ackermann (Helderberg).
*SOSIAAL:* Mejj. W. Schumann (P.S.O.) en A. Scribante (Sonop), en mnr. Willie Knouwds (Helderberg).
*SPORT:* Mnr. James Verwey (Dagbreek).
*FOTOGRAFIE:* Mnr. K. Veary (Helderberg).

STELLENBOSCH, VRYDAG, 5 AUGUSTUS 1949


# WEES VERSIGTIG!

Die afgelope A.S.B.-kongres was in meer as een opsig belangrik. Apartheid sou uit verskillende oogpunte behandel word. Onwillekeurig stel 'n mens die vraag in hoeverre die verkreë resultate beskou kan word as 'n uitvloeisel van die navorsingswerk wat gedoen is. En seker die belangrikste van alles: In watter gesindheid is dit dan gedoen?

Hoewel daar verblydende tekens van redelike insig in probleme was, was daar tog ook sorgwekkende voorvalle. Daar was die tye wat 'n mens kon voel dat mense eerlik en opreg soek na die oplossing van 'n moeilike probleem; dan ook weer die kere wat daar vir die werklikheid teruggedeins is, as daar van opoffering gepraat is.

Die verklaring oor Apartheid is 'n afgeronde verklaring, so is gesê, en is daar trouens ook op aangedring dat dit aanvaar sal word. Dit is egter jammer dat daar nie iets oor die huidige oorgangstadium gesê is nie. Is dit dan nie juis ons moeilikheid nie? Wat staan ons te doen solank die naturelle en nie-blanke student nog nie 'n heenkome het nie? Graag sou 'n mens 'n kongresbesluit wou sien waarin aan die naturel geleentheid sou gegee word om te sien dat daardie **„goeie wil,"** wat in die **„afgeronde verklaring"** vermeld word, by sy voog nie slegs lippetaal is nie. 'n Mens wonder of daar nie meer moes **gedoen** word (en minder geklets word) om die opgevoede naturel aan die kant van die welmenende blanke te kry, in plaas van hom in die arms van die Kommunis te jaag nie.

Die tyd het aangebreek dat ons **MOET** besef dat sonder die medewerking van die naturel apartheid 'n volslae mislukking gaan wees. En sy medewerking gaan nie gevind word as aan hom vertel word dat hy „van alle rasse die verste van die Afrikaner staan nie."

Hierdie moeilike taak is die taak van elke blanke in Suid-Afrika waar ons tans **Suid-Afrikaanse Burgers** is en **NIE** Engelse en Afrikaners nie.

Waar blanke studente en nie-blanke studente tans aan sommige inrigtings saam moet studeer behoort daar 'n deeglike verstandhouding te wees. Die akademiese voorregte mag hul nie misgun word nie. Hulle is daar en alvorens ons nie iets positiefs daargestel het nie is dit onregverdig om hulle nou te wil verkleineer.

Baie duidelik moet ons verstaan dat hulle so gou as moontlik hul eie fasiliteite sal moet kry, waar meer van hulle, wat die potensialiteite besit vir hoër onderrig, dit sal kan ontvang. Om nou van aparte klasse, ens., te praat klink onsinnig. Vir elkeen wat sy gedagte maar wil laat gaan oor die fabelagtige onkoste wat Apartheid gaan meebring, sal dit duidelik wees dat so 'n addisionele onkoste — om apartheid binne 'n blanke gemeenskap daar te stel — uit so 'n tydelike ontoereikende maatreël onsinnig is.

Laat ons as blanke studente nie ons kanse verspeel nie. Ons het aan ons universiteite vandag dikwels te maak met die enkele naturel of nie-blanke wat kultureel en intellektueel baie gunstig met ons vergelyk. Dit is feite. Ons kom hier met die beste wil van die wêreld nie verby nie. Hierdie mense moet aan ons kant staan as apartheid in die praktyk wil slaag. Hy sal onder geen wanindruk verkeer nie. Sy mense het hom nodig en as hulle van sy dienste moet gebruik maak laat dit vir hom moontlik wees om te kan sê dat die blanke bereid is om hom te help tot hy homself kan help. Miskien kan ons mekaar dan help in hierdie wêreld waar die een se hulp netso onontbeerlik is as die ander een se hulp.

Laat ons meer versigtig wees wanneer ons besluite neem. Laat ons oppas dat ons nie van 'n middel 'n doel maak nie. Laat ons goeie gesindheid toon dat die bevoorregte bereid is om te help om rassevrede te bewerkstellig.

# N.U.S.A.S. EN A.S.B.

Die Kongres het geen duidelike besluit oor sy verhouding tot N.U.S.A.S. geformuleer nie. Weliswaar staan die besluite van verlede jaar se inter-universitêre konferensie nog. 'n Aanbeveling aan die studenterade dat N.U.S.A.S. sal toegelaat word aan A.S.B.-geaffilieerde universiteite moes afgewater word tot 'n voorstel aan alle inrigtings tot wedersydse erkenning. Dit was 'n taktiese fout.

Indien 'n onvoorwaardelike vergunning aan N.U.S.A.S. gegee was, het die onus op die N.U.S.A.S.-geaffilieerde universiteite gerus om erkenning aan A.S.B. te weier. Dan sou 'n mens kon vasstel hoe grootmoedig en demokraties sommige van ons liberalistiese vriende is.

Die argument dat 'n minister N.U.S.A.S. veroordeel het, en dat die buitewêreld ons gaan veroordeel as erkenning aan N.U.S.A.S. verleen word, is kinderagtig en nie deurdag nie. Ongelukkig onderskei alle mense nie so goed tussen erkenning en regverdiging nie en vandaar die abnormale vrese. Wanneer as N.U.S.A.S. as 'n studenteliggaam deur die studenteraad toegelaat word om as sodanig te bestaan beteken dit lank nie dat hulle beginsels onderskryf word nie. Inteendeel. Dit getuig dat die A.S.B. se saak sterk genoeg is en dat hy kans sien om sy opponent in die openbaar te beveg. Dit getuig ook van eerbied en respek vir 'n ander se standpunt — een van die grondliggende elemente van opvoeding.

Hier is 'n fout begaan, maar as 'n jong beweging sal ons moet leer dat goeie kanse om 'n mens se saak te versterk nie elke dag sig voordoen nie.

# U SKRYF— ONS LEES

Waarde Heer,

Vergun my om u kolomme te vul met 'n paar woorde, wat na vrugtelose pogings tot onderdrukking, by die deksel van 'n kokende pot ontsnapping wil soek.

Om met die deur in die huis te val. Ek het dit in besonder hier oor die afvaardiging wat Stellenbosch by die onlangse A.S.B.-kongres verteenwoordig het. As belangstellende besoekers moes ons tot ons innige spyt ontdek dat ons deur 'n verdeelde afvaardiging verteenwoordig is. Dit impliseer dat hierdie mense nie vooraf eers besluit het wat hulle standpunt sou wees nie, en dus ook nie die ongewenste elemente uitgesuiwer het nie, wat beslis nie ons standpunt en gevoel vertolk het nie.

Maar, dit het ook vir ons baie duidelik geword dat onbekwaamheid 'n belangrike eienskap van sommige van ons leiers is. Sommige het niks bygedra tot die bespreking en het nie boe of ba gesê nie. Ja, liewer dit, as dat hulle gepraat het en 'n derde standpunt uit onkunde ingeneem het.

Dit lyk dus of die eise wat Stellenbosch se gemiddelde student aan 'n goeie leier stel, verskil van die wat hierdie uiters belangrike akademiese sake verg. Miskien besef hierdie mense, wat die posisies beklee dit self, maar die grootste deel van ons studente egter nie.

Terwille van die eenheid en die belange van ons eie sowel as die grootste gedeelte van ons Afrikaanse studente wat hier op die spel is, moet ons maar en sal ons maar die deksel weer stywer op die pot druk wat kookpunt verby is.

Ons hoop dat Stellenbosch nooit weer so 'n powere figuur sal slaan in die teenwoordigheid van sulke goeie vriende en bure nie. Dit is veral belangrik waar ons binnekort weer van ons sal moet laat hoor oor die voorgestelde mosie.

Hierteenoor was ons egter nie blind vir die goeie standpunt wat ons voorsitter ingeneem het nie. Hy het gestyg in ons aansien en respek. Hy het dit dan ook verdien om tot daardie posisie verkies te word.

**Charl P. du Plessis.**

*Hy doen dit met meer fatsoen maar ek doen dit natuurliker.*

—SHAKESPEARE.


**NATIONAL ELECTRIC (PTY.) LTD.**

— GOEIE NUUS —

● **DELCO TAFEL RADIO, 5 gloeilampies, 3 golfbande insluitende L. Marques, teen die billike prys van £15**

● *Kom Besigtig* ●

**GEBRS. HENDRIKSZ**

**Die Afrikaanse Slagter**
Vir enige Vleis en Boerwors. Ook Tuisgemaakte Polonie.
Andringastraat - Foon 198

**ALFRED BLOMMAERT**

**(Foon 48 en 176)**
**Kerkstraat**
**STELLENBOSCH**

KRUIDENIERSWARE
YSTERWARE
PRODUKTE

**HEPWORTHS BPK.**

**PLEINSTRAAT**
*Mans- en Seuns-uitrusters*

**BINNEHUIS**

**HOEK VAN BIRDSTRAAT EN DORPSTRAAT**

**STELLENBOSCH (EDS. BPK.)**

GLASWERK * ERDEWERK
DELFT SE BLOU * MEUBELS
GORDYN-MATERIAAL

**DIE MATIE**

*Allerlei weelde-artikels en silwerwerk*

•

**Kom doen u keuse**

•

**UNIVERSITEITSUITGEWERS EN -BOEKHANDELAARS (EDMS.) BPK.**

Pleinstraat,
STELLENBOSCH



*Certainly, Sir!*

*Delivery right away! Van der Stel's "for Service!" We carry large stocks of South African and Imported Wines, Spirits, Malts, Cordials and Mineral Waters. And if your particular request is not in stock we'll do our best to get it for you—quickly. Make a note of our phone number. It's 94. Good day, Sir!*

**VAN DER STEL BOTTLE STORE**
Telephone 94 — STELLENBOSCH




*IN DIE VAKANSIE GESIEN!!*

## HERDENKINGSFEES VAN DIE HANDELSFAKULTEIT

**Met 'n dinee en dans verlede naweek en die publikasie van 'n interessante en goedversorgde blad, „Vooruitgang," het 1949 se handelstudente en hulle voorgangers die 25-jarige bestaan van hulle fakulteit feestelik herdenk. Dit het ongeveer saamgeval met die intrek in „Die Nuwe Gebou," wat na verneem word, later in die jaar, as die laaste spyker op die derde verdieping in sy plek is, amptelik ingewy sal word.**

Die Handelsfakulteit het inderdaad vooruitgegaan — in 1923 was hy 7 studente sterk, verlede jaar het hy 192 getel. En die studente wat hulle graad behaal het, beklee vandag merendeels goeie, verantwoordelike en interessante betrekkings. Soos dr. A. W. O. Bock, 'n oudstudent, egter waarsku, moet B.Comm.-studente nie bang wees vir 'n bietjie praktiese ondervinding, waarvoor die salaris vireers miskien nie goed is nie, na sy universiteitsloopbaan nie, want verantwoordelike betrekkings kan eers dán goed volgestaan word wanneer 'n man 'n grondige teoretiese en praktiese opleiding besit.

Vanaf die eerste jare van die bestaan van die fakulteit is dan ook mettertyd voorsiening gemaak vir 'n al hoe groter verskeidenheid van kursusse, met hierdie doel voor oë — nl. om die studente vir die praktyk voorte berei. Dat hy in die regte rigting ontwikkel, blyk uit die opmerking van dr. F. E. Rädel in die blad:

„In vergelyking met die Europese Universiteite is Stellenbosch 'n jong Universiteit. Juis hierin lê sy sterkte. Toe ek van 'n ou gevestigde Europese Universiteit na Stellenbosch gekom het, het ek dadelik onder die indruk van die dinamiese jeugdige krag gekom wat die Universiteit en veral die Departement van Ekonomie en Handel besiel . . . ." en dan praat hy van die Buro van Ekonomiese Ondersoek:

„Die stigting van die Buro is 'n belangriker stap as wat sy beskeie voorkoms nog laat vermoed. Dis nie alleen 'n teken van groei as sodanig níe, maar van groei in die regte rigting, nl. van eie navorsing, wat naas die blote opleiding van die studente die vernaamste taak van die Universiteit is."

Die Handelsfakulteit is 'n waardige deel van ons Universiteit, 'n Universiteit wat, met sy tradisionele agtergrond as gesonde fondament, steeds rekening hou met die eise van die moderne tyd en aldus sy studente help om 'n lewende aandeel in die volkslewe en ons land se ontwikkeling te neem.

Oor die afgelope naweek het die Handelsfakulteit dan ook sy 25-jarige bestaan en inwyding van die gebou gevier met 'n dinee in Dagbreek se eetsaal en 'n dans in die stadsaal.

Onder die geur van sjampanje en goed voorbereide geregte het die voorsitter van die Handelsvereniging die gaste welkom geheet. Hierna het sake baie glad verloop, danksy die deeglike reëlings getref deur die konvenor.

Onder die eregaste was dit nie moeilik om professor R. W. Wilcocks, dr. M. S. Louw en mnr. A. S. Meyer uit te ken nie. Verder was daar die doserende personeel met hul gades.

Die dinee het betreklik stil verloop, behalwe vir 'n paar toesprake, want wie kan dan gesels as hy lekker eet. 'n Vol maag gee mens ook 'n gevoel van broederlikheid teenoor jou medemens, dit kon gesien word aan die hartlikheid van die onderlinge geselskap.

Na die dinee beëindig is deur 'n toespraak van professor Wilcocks, is almal na die stadsaal, waar die feesverrigtinge verder voortgesit is.

As eregaste het saam met ons gedans mnr. Collins, argitek van die gebou, dr. Louw, mnre. A. S. Meyer en Fourie met hul gades, sowel as ons dekaan prof. dr. C. G. W. Schumann, proff. Pretorius, Franszen, dr. Zadie en Theron.

Ongeveer 115 pare was op die vloer en het gedans op maat van die orkes van mnr. D. L. Smuts van die Paarl, wat hoe later hoe kwater gespeel het en nie wou ophou alvorens die opsigter nie eers die lig afgeskakel het nie.

'n Spesiale woord van dank aan die dames wat ons bygestaan het met die maak van verversings vir die komiteekamer. Ook aan die here wat so goed was om te help by die drankies.

Elke jaar maak die Handelsdans nuwe geskiedenis. Vanjaar het ons verwesenlik waarna ons so lank uitgesien het.

Vive la faculty.

**Handelsverenigingbestuur.**

## Hoe Druk U Dit Uit?

Die foutsin (uitgawe 17 Junie) moet soos volg lui: **By** afwesigheid van die bestuurder het die klerk ons **van** raad gedien. „Bedien van" is 'n wederkerende uitdrukking wat „gebruik" beteken, bv. „Wanneer hy skryf, bedien hy hom graag van 'n potlood." Dis verkeerd om te vra wat êrens „aangaan" — dit kan heet „gaande is", „aan die gang is" of selfs „plaasvind". Foutief is eweneens „Ons gaan met die werk aan" — mens gaan met iets **voort.** Wel kan 'n ooreenkoms ens. aangegaan word. Die werkwoord „vergoed" is mans genoeg om sonder voorsetsel gebruik te word: ek sal jou die skade vergoed (i.p.v. „vir die skade vergoed"). Op Afrikaans leef mens van voedsel, en jy vergas 'n gehoor op nommers — indien jy moorddadig is, kan jy hulle seker **met** mosterdgas „vergas". En sê tog nie dat iemand 'n mooi „item" gelewer het nie!

Wanneer tweetjies op troue staan, verloof hulle hul gewoonlik eers **met** mekaar. „Die Burger" probeer tans op twee stoele sit: „verloof aan" en „verloof met" word albei gebruik. Ja, dit herinner mens aan die Afrikanerklag: reg is reg en onreg is ook reg. Mens trou **met** en verloof jou **met** iemand. Het ons 'n aanvoerder nodig, kies ons iemand **tot** kaptein. So ook: benoem **tot.** En waarom nie liewer die selfverduidelikende **lesuur** i.p.v. periode nie? Dis nogal 'n dogter aan die plaaslike meisieskool gewees wat my hierdie tekenende woord geleer het. Die skeidsregter vra soms die ywerige toeskouertjies om „terug te sit" — verskriklike Afrikaans! Dis wel moontlik om **agtertoe** te sit. „Applikasie maak" geld allerweë vir 'n anglisisme, maar „applikante" i.p.v. „aansoekers" is tog ook uit die bose. En „omskep" is in onse taal nie onskeibaar nie: iets word omgeskep. Die voegwoord „dus" kry die omgekeerde woordorde: **dus is** dit nodig om daarop te let. Waag u hierdie keer aan: In besonder is ons jammer dat die veldtog toe nog nie in volle swang was nie. Terloops: wenke, kapsies ens. word per adres die Redakteur verwelkom.

**Wegwyser.**

**Mnr. Jaap Furter** en **mej. Annalie Neethling,** altwee oud-Maties, het hulle verlowing aangekondig. Ons wens hulle van harte geluk.



## Wanneer Mure Praat . . . . Oor Bure op Straat . . . . .

Welkom terug, **Maties!** Hierdie kwartaal gaan ons weer lekker skinder né, en almal se geheime doen en late uitlap. Maar dis seker dat ek my neus nie weer in 'n **kys** gaan steek nie. In plaas van oor sake van die hart te praat, sal ek my hand maar aan die pen slaan om julle tot nuttige burgers van die samelewing te probeer omskep. En in die eerste plaas wil ek julle sommer waarsku om die laakbare manier van **sigaretstompies links en regs in die gange van ons geboue** (hetsy 'n bouvallige sirkus van 'n **Hollandse Saal,** of 'n ultra-moderne pragstuk soos die **Gebou van Sosiale Wetenskappe)** rond te gooi, met mening te bestry. Hiermee ontvang julle die gedagte vir die week.

Is julle neuse en oë oop? Het julle die bottende bome gesien en die taal van die eerste **Bloeisels verstaan?** Treur dus nie meer oor die koue nie; kyk maar na dié wat dit wel verstaan en julle sal hoop kry. So het ek toe kort na my aankoms hier die koue uit my hart verloor toe ek, in die strate ronddwalend, verskeie sulke persone opgemerk het. Toe ek my draai by die park vat, loop ek mos in ou **Sakkie Truter vas.** Hy sê toe vir my hy het maar **NET-TIE** naweek kom kyk hoe die **weer** hier is. Ons staan nog so en gesels, toe wikkel **Hannes Glatthaar** met sy krulkop singsing daar verby. Waarheen?! Hy sing in elk geval: **„I'm marching to Pretoria."**

Voor **Dagbreek** het **Etienne Terblanche** staan en roep na sy vriend **Toneman,** wat ek egter by **Huis-ten-Bosch** gesien het.

Maar mense, **Woensdag** so teen elf-uur se kant, toe ek die hoek by die **Uitspan** omkom, sien ek net **BAARDE** voor my! Wittes en rooies, lelikes en mooies, baie en bietjie, dik of dun, krom of skeef, maar hulle was daar! Dure ondervinding het my geleer dat geduld die **enigste resep** is wat regtig goeie resultate lewer. My beste wense aan **Piet Hough** dat hy die dubbele prys, van die **A.S.B** en **dr. Ross,** sal verower.

Daardie selfde aand het ek 'n paar **Boere-orkes kêrels** in **Suikerbossie** hoor gesels. Toe beny hulle net almal vir **Con Hofmeyr,** wat glo die enigste man was wat suksesvol getoer het. Hulle het ook van **Daisy Mynhardt** gepraat. Sy het glo op die toer verjaar en die S.B.O. se geskenk aan haar was 'n **fopspeen.**

By die **Handelsdinee,** moet ek sê het ek lekker geëet, ten spyte van die smaaklike **Gebraaide gate in 'n voetbalkous** en die taai **Ore van 'n voorspeler in witsous** wat bedien is.

Ek kon skaars wegkom op die dansvloer na die dinee, want „ik had nie welgedaan." Die **mooi nooientjies** in hulle pragtige lang rokke was vir my egter 'n besieling, sodat ek die affêre darem toe op die ou end verskriklik geniet het. Opmerklik was die aantal **seegroen aandrokke. Joan Marais** het besonder mooi gelyk in 'n skouerlose gewaterde tafsytabberdjie. **Blanca Reitz** se tamatie-rooi ballerinarokkie van georgette was ook opvallend. Nog 'n uitstaande tabberd was **Annette le Roux** s'n van donker fluweel, met silwer koord versier. 'n Voorliefde vir **helder-kleurige geruite tafsy-materiaal** was ooglopend. Dit skyn asof die skouerlose mode vir aandtabberds alhoemeer op Stellenbosch posvat.

Ek was bly om so baie **dosente en hulle gades** daar op te merk.

Nouja, tot volgende keer.

**RONDLOPER**

**DAZELLE'S**
HAARSALON
Andringastraat - Foon 53
*PERMANENTE KARTELING 'N SPESIALITEIT*

**LASALLE - INRIGTING**
Bevoegde Oogkundiges
*(Bo-op Readers' Paradise)*
STELLENBOSCH
FOON 53

**SENITZKY'S FURNITURE STORE**
ANDRINGASTRAAT
STELLENBOSCH
*Die Toonaangewende Meubelwinkel in die Distrik*

**H. VILJOEN**
Pleinstraat — Stellenbosch
vir
FIETSE, RADIO'S, ELEKTRIESE GLOEILAMPIES EN BENODIGDHEDE — STOWE, WASMASJIENE, ENS.

**CARL BERGH**
PLEINSTRAAT

ALTYD EERSTE MET DIE NUUTSTE IN MANSKLERASIE

APTEKERS

*Probeer Ons*
*Vir Afdrukke*
*En Vergrotings*
*Van U Negatiewe*

JOERNING EN SEUN
(EIENS.) BPK.
FOON 24
H/v BIRD- en PLEINSTR.,
STELLENBOSCH

HENDRIKZ
FOON 95
Vir Elektriese Benodigdhede
Radio- en alle Elektriese
Reparasies en Installasies.
AGENTE VIR
Philips Radios ★ Moffatstowe
Kelvinator Yskaste
(Langs Stellenbosch-Apteek)
Andringastr., Stellenbosch

*MATIES!*
by
LEWIS
SE SENTRALE
FIETSWINKEL
BIRDSTRAAT
(Langs Woolworths)
koop
*MANS FIETSE*
vanaf £9 19s. 6d.
*en DAMES FIETSE*
vanaf £11 10s. 0d.
*Al die bogenoemde Fietse kry Klok, Pomp, Gereedskap, Gereedskapsakkie en Agterliggie gratis by.*
FIETSREPARASIES ONS
SPESIALITEIT!

# Jorda Begin Saam Werk Aan Requiem

Na die geslaagde sangfees verlede jaar, het Enrique Jorda, die welbekende dirigent van die Kaapse Munisipale Orkes, die wens uitgespreek dat 'n Stellenbosche koor saam met die stadsorkes 'n groot werk sou uitvoer. Jorda het die grootse werk, „Die Requiem" van Brahms gekies, en vir die afgelope maande het 'n koor spesiaal vir hierdie werk saamgestel, onder die bekwame leiding van dr. Cillie die werk met moeite, sorge en baie sweet ingestudeer.

Maandagaand was die dag waarop al die koorlede met angs en bewing gewag het, want mnr. Jorda sou spesiaal van Kaapstad oórkom om die koor te dirigeer. Hy was baie in sy skik met die koor, en om die koorlede vir hul moeite te beloon, het mnr. Jorda die beroemde spaanse pianis, mnr. Del Pueyo saamgebring, en l.g. het onder dawerende applous drie werke uitgevoer.

Op die 1ste September sal die werk in Kaapstad opgevoer word, en op Vrydag, 2 September, word die werk in die plaaslike stadsaal uitgevoer.

Alle koorlede word vriendelik versoek om die oefeninge, wat Sondagmiddae om 3.30 en Maandagaande om 6.45 plaasvind getrou by te woon.

DIE MATIE word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Beperk, Stellenbosch. vir die Studente Verteenwoordigende Raad, Stellenbosch.

## Fliekkaartjies

Die volgende persone kan fliekkaartjies kom afhaal by Tobie de Clercq, Huis Marais:

**Op Maandag 8 Augustus tussen 1-uur en 2-uur nm.**

Mejj. A. J. Cloete, A. C. Beukes, A. S. de Kock, M. M. du Toit, A. C. Engels, F. Ferreira, J. C. Hager, M. Krige.

M. C. Botha, G. Calitz, M. du Plessis, P. S. Gous, J. J. Greyling, R. J. Knott, A. P. le Roux, J. P. le Roux.

**Op Maandag 15 Augustus tussen 1-uur en 2-uur nm.**

Mejj. M. A. Loubser, S. L. Muller, A. S. Roux, A. J. Scott, H. Stander, K. van der Vyver, S. Vermaak, A. J. Wessels.

D. F. Malan, J. P, Marais, H. S. Nel, J. B. Schonken, P. C. Schoonees, J. F. Schwär, P. Scribante, J. M. Stiglingh.

*MATIES!*
Probeer ons eerste vir al u Apteekbenodigdhede. Ons spesialiseer in die ontwikkeling en afdruk van Spoele en Negatiewe.
SPOEDIGE AFLEWERING
*DIENS 'N PLESIER*
STELLENBOSCH-APTEEK
(N. C. HOUGH)
Andringastraat
STELLENBOSCH

## Redenaars-kompetisies

Die jaarlikse redenaarskompetisie wat deur die debatsvereniging gehou word, begin op die 12de deser. Die uitdunne vir beide die junior en senior groepe sal op daardie aand gehou word, en die finale kompetisies sal op die 19de en 26ste Augustus vir die junior en senior groepe respektiewelik gehou word.

Vir die beste redenaar in elke groep is daar 'n beker beskikbaar. Inskrywings kan geskied by enige bestuurslid, van wie ook volle besonderhede verkry kan word.

G. E. D. T.

## Konserttoer: ERNA SACK

**JULIE**

27 Durban Stadsaal.
28—1 Aug. Lourenco Marques.

**AUGUSTUS**

2 Durban Stadsaal.
5 Pietermaritzburg Stadsaal.
9 Stellenbosch Stadsaal.
11 Worcester, Skool vir Dowes.
13 Paarl Stadsaal.
16 Kaapstad Stadsaal.
18 Oudtshoorn Drilsaal.
20 Graaff-Reinet Victoriasaal.
25 Port Elizabeth Feather Market Hall.
30 Oos-Londen Stadsaal.

**SEPTEMBER**

3 Bloemfontein Stadsaal.
7 Bethlehem Stadsaal.
9 Kroonstad Stadsaal
13 Pretoria Stadsaal.
15 Krugersdorp Stadsaal.
17 Standerton Stadsaal.
19 Springs Stadsaal.
21 Johannesburg Stadsaal.
24 Heidelberg Stadsaal.
27 Benoni Stadsaal.
29 Johannesburg Stadsaal.

**OKTOBER**

1—10 Spesiale konserte of in die Unie of in Rhodesië.
11 Vereeniging Odeon Bioskoopsaal.
13 Johannesburg Stadsaal.
15 Potchefstroom Hoërhandelskoolsaal.
19 Windhoek Metro Bioskoop.
21 Windhoek Metro Bioskoop.

Daar word verneem dat gradedag vanjaar op die 12de Desember gehou sal word, en nie die 14de Desember soos reeds aangekondig nie.

# Soccer Tournament At Johannesburg

**The Second Inter-university Soccer Tournament was held at Balfour Park, Johannesburg, during the vacation. The Universities represented were Cape Town, Witwatersrand, Natal, Rhodes and Stellenbosch.**

The Matie team improved on last year's performance at Hartleyvale and the results were hardly a true reflection of the standard of play.

The scores were as follows:

U.S. vs. Univ. of Witwatersrand, 0—4.
U.S. vs. Univ. of Cape Town, 2—1.
U.S. vs. Natal University, 1—2.
U.S. vs. Rhodes University College, 1—2.

S. Raubenheimer and B. Smith distinguished themselves by being chosen for the Combined University team to play against a Southern Transvaal First League team, Raubenheimer being chosen to captain the team. B. Smith was presented with a soccer ball by the Chairman of the S.A.F.U. for being the best player of the tournament.

The tournament was a success more from the point of view of the grand spirit in which the matches were played than the standard of play which, although fairly high, was characterised by hard and robust play rather than scientific soccer.

Team: B. Smith, R. Böhme (captain), W. van Vuuren, P. Hagen, S. Raubenheimer (vice-captain), A. Arenhold, H. Rossouw, E. Downes, B. Wilhelmy, J. Rossouw, D. Meyer, L. Calo, C. Malherbe. Mr. van Eden accompanied the team as Manager and Trainer.

Tobie de Clerque stap die Uitspan-kafee binne.

Jeanette Briers aan vriend: „Ag kyk net hoe oulik is hy; ek kan hom gerus soen."

(Jammer dat mens sulke dinge gewoonlik te laat hoor, né Tobie).

*VIR DIE*
● GROOTSTE VERSKEIDENHEID
● BILLIKSTE PRYSE
● NUUTSTE MODES IN MANSKLERASIE
*DIE*
EIKESTADWINKEL
*BEPERK*

Die Afrikaanse Lewenswyse




Om voetbal te speel, om Rugby te praat, om te juig vir wie jy ook wil ...... *dit* is die Afrikaanse lewenswyse. Maar of jou span ook al wen of verloor, Rembrandt word altoos verkies. ..... ook *dit* is tipies Afrikaans.

Rembrandt
„ELKE SIGARET 'N MEESTERSTUK"
Kopiereg
R.A.63.

EIKE KAFEE
van Ryneveldstraat
GOEIE ETES BILLIKE PRYSE
DIE LEKKERSTE KOFFIE IN DIE DORP
BRAAIGEREGTE 'N SPESIALITEIT
*ONS IS SONDAGAANDE OOP*
ONDER NUWE BESTUUR

Safari
FOON 710
MEULSTRAAT STELLENBOSCH
*Vir beter Blomme, Kranse, Ruikers, Bolle, Saad en Plante teen Billike Pryse*
„BLOMME VERSKAF GENOT"

MULLER SE HUURMOTORS FOON 712